[27]

**TECHNIKON PRETORIA**

PROSPERITAS PER PERITIAM

Fax no. : (012) 318-5114

AAN / TO : Kodesa - Sekretariaat

FAKSIMILEENR. / FAX NO. : (011) 397-2211

VAN / FROM : Marius Buitendag - Technikon Pretoria Studenteraad

DATUM / DATE : 02/03/92

BLADSYE (INSLUITENDE DEKBLAD) / PAGES (INCLUDING COVER PAGE) : 14

ONDERWERP / SUBJECT : Voorlegging aan KODESA, Werksgroep 2, t.o.v. Algemene Grondwetlike Beginsels, met die spesifieke verwysing na Technikon Pretoria as Tersiêre Instansie.

STEL ONS ASSEBLIEF IN KENNIS INDIEN AL DIE BLADSYE NIE ONTVANG IS NIE OF INDIEN DIT ONDUIDELIK IS.

PLEASE NOTIFY US IF NOT ALL THE PAGES HAVE BEEN RECEIVED OR IF THEY ARE NOT CLEAR.

Telefoon / Telephone : (012) 318-5108

PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X680, PRETORIA, 0001 TEL (012) 318-5911 FAX: (012) 318-5114 TEL. AD. TECHPRET

TECHNIKON PRETORIA

STUDENTS' COUNCIL STUDENTERAAD

PROSPERITAS PER PERITIAM

2 Maart 1992

KODESA-SEKRETARIAAT
Posbus 307
Isando
1600

Geagte Meneer

Die Studenteraad van Technikon Pretoria wil graag 'n inset lewer t.o.v. KODESA. Hiermee neem ons dus die vrymoedigheid om 'n paar van ons voorstelle aan u deur te gee.

Baie dankie vir u aandag aan die saak.

Marius Buitendag
SR-Tesourier

**KONVENSIE VIR 'n DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA (KODESA).**

**VOORLEGGING AAN KODESA, WERKSGROEP 2, TEN OPSIGTE VAN ALGEMENE GRONDWETLIKE BEGINSELS, MET DIE SPESIFIEKE VERWYSING NA TECHNIKON PRETORIA AS TERSIêRE OPLEIDINGS·INSTANSIE.**

**'n PERSPEKTIEF VANUIT STUDENTEGELEDERE.**

**OPGESTEL DEUR DIE VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD.**

**INHOUDSOPGAWE**

1. Inleiding........................................ 3

2. Standaarde aan die Technikon Pretoria.......................... 5

2.1 Toelatingsvereistes
2.2 Keuringsvereistes
2.3 Onderrigmetodes

3. Aard, Karakter en Kultuur van technikon Pretoria............. 7

3.1 Aard
3.2 Karakter
3.3 Kultuur

4. Toekomstige Staats- of Regeringsinmenging..................... 11

4.1 Staatsinmenging
4.2 Staat- en Regeringsfinansiering

5. Ons Voorstelle........................................ 12

## 1. INLEIDING.

Tans begewe ons onsself in 'n snel veranderde Suid-Afrika, waar daar nuwe rigtings ingeslaan word op politieke, ekonomiese, maatskaplike en sosiale gebiede. Hierdie veranderinge stel geweldige hoë eise aan die land en sy bevolking. Met hierdie wete het dit dus van kardinale belang geword dat daar hoëvlakmannekrag aan die gemeenskap verskaf moet word, om in hierdie behoeftes en vereistes te voldoen en te voorsien. Ten einde hoëvlakmannekrag aan die gemeenskap te voorsien is naskoolse opleiding of opleiding aan Tersiêre Inrigtings, in besonder Technikon Pretoria, dus van die uiterste belang.

Suid-Afrika het vir baie jare mank gegaan aan 'n oorbeklemtoning van akademiese onderwys en 'n totale negering van tegniese en beroepsonderwys. Suid-Afrika sit met 'n enorme mannekragprobleem. Aan die een kant is daar 'n ooraanbod van sekere kategorieë van akademici, met ander woorde mense wat nie toepaslik opgelei is ten opsigte van mannekragbehoeftes van die land nie. Aan die ander kant is daar ideale geleenthede by Technikons om mense op te lei vir feitlik elke sektor waarin daar 'n mannekragtekort bestaan. Terselfde tyd wil ons, die Studenteraad (SR) van Technikon Pretoria as verteenwoordigers van die grootste Technikon in die land, ons kommer uitspreek oor die geweldige aantal ongeskoolde inwoners van ons land, aangesien hierdie mense in die toekoms die fondasie moet vorm van 'n sterk en gesonde ekonomie.

Daarom is dit een van die primêre funksies van die Technikon Pretoria om, soos reeds genoem, hoëvlakmannekrag aan die gemeenskap te lewer ten einde 'n sterk ekonomie te verseker.

Aangesien ons as Studenteraad, die erns van die huidiglike verwikkelinge in die land besef, en ons as die leiers van môre reeds vandag wil optree, maak ons die volgende voorleggings aan KODESA, aangesien KODESA 'n belangrike forum is om 'n vreedsame oplossing vir ons land se probleme te vind en die weg na 'n demokratiese Suid-Afrika te baan. Ons hoop en vertrou egter dat die voorleggings, wat in hierdie dokument gemaak word, later oorweeg, en in berekening gebring sal word wanneer daar oor Grondwetlike Beginsels, met spesifieke verwysings na Technikon Pretoria as Tersiêre Opleidings Instansie, onderhandel word.

Sodoende kan ons in die toekoms bestempel word as een van die voorloper lande ten opsigte van vaardigheid, kundigheid, vakmanskap en produktiwiteit as gevolg van die hoë opleiding standaarde aan die Technikon Pretoria en ander Tersiêre Inrigtings.

## 2. STANDAARDE AAN DIE TECHNIKON PRETORIA.

Die verwysing na standaarde gaan gepaard met uiteenlopende stellings en sieninge oor toekomstige vlakke waarop standaarde moet funksioneer en toegepas word. Standaarde en die vlak waarop dit in die toekoms toegepas gaan word is op die oomblik 'n baie sensitiewe besprekings punt onder alle belanghebbende groepe in die land. Hierdie standaarde, met spesifieke verwysing na akademiese standaarde, moet egter op 'n hoë en professionele vlak funksioneer sodat studente gelewer kan word wat werklik insae en bydraes in die samelewing kan maak en ook 'n diens aan die gemeenskap kan lewer.

Aangesien ons ekonomie mense benodig wat 'n daadwerklike en konkrete bydrae kan lewer tot die oplewing van die ekonomiese toestand in die land, is dit dus nodig dat hoë standaarde, veral op akademiese gebied, deurlopend gehandhaaf sal moet word.

DIE VOLGENDE VOORLEGGING WORD GEMAAK TEN OPSIGTE VAN STANDAARDE, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA AKADEMIESE STANDAARDE, AAN DIE TECHNIKON PRETORIA.

### 2.1 TOELATINGSVEREISTES.

Alle toekomstige studente ongeag ras, kleur, geslag, taal of godsdiens moet voldoen aan streng toelatingsvereistes, wat voldoen aan die vereistes van die arbeidsmark en soos bepaal deur die Tersiêre vereistes van Technikon Pretoria.
Aangesien ons onsself besig hou met die toekoms van 'n groeiende land, kan dit nie bekostig word om mannekrag aan die gemeenskap te verseker wat 'n skrale of geen bydrae tot die ekonomie sal kan lewer nie. Alleen

sal ons ekonomie tot sy reg kom as mense in die formele en informele sektor goeie opleiding ontvang het, en alleen kan hulle opleiding ontvang van 'n hoë standaard as hulle toelatingsvereistes geslaag het wat van hoogstaande gehalte is.

## 2.2 KEURINGSVEREISTES.

**Alle toekomstige studente ongeag ras, kleur, geslag, taal of godsdiens word onderwerp aan streng keuringvereistes.**

Deur 'n hoë werkingsvlak van 'n goed gestruktureerde en gevestigde keuringsprogram, word verseker dat slegs die beste studente tot kursusse toegelaat word ongeag ras of kleur. Die gevolg hiervan is dat daar aan die einde van die dag 'n student aan die gemeenskap gelewer kan word wat daadwerklik 'n bydrae tot die land en sy mense sal kan maak op welke wyse ookal.

Behalwe vir die feit dat slegs die studente toegelaat moet word wat aan die keuringsvereistes moet voldoen, moet daar egter ook voorsiening gemaak word vir die studente wat nie die keuringsvereistes geslaag het nie, maar wat wel die potensiaal toon om die kursus te voltooi.

## 2.3 ONDERRIGMETODES.

**Onderrigmetodes, met ander woorde die metodes waarop die kursusse of vakke fisies aangebied word, moet vasgestel word deur middel van wetenskaplike navorsing, en nie deur onbeproefte of onwetenskaplike metodes nie.**

Geen inmenging of veranderings aan die onderrigmetodes, word deur studente of enige buite groepe of persone toegelaat, mits die inmenging of veranderings opbouend is nie, en mits die inmenging of veranderings nie teenstrydig is met metodes waarvan die sukses reeds

in die klaskamer getoets en bewys is.

OPSOMMING.

Daar moet voorsiening gemaak word vir strukture, binne en buite die Technikon, om te verseker dat die standaarde, van watter aard ookal, nie sal daal nie, aangesien ons dit nie kan bekostig om onkundige mannekrag aan die gemeenskap in Suid-Afrika te verskaf nie.

**3. AARD, KARAKTER EN KULTUUR VAN DIE TECHNIKON PRETORIA.**

Die aard, karakter en kultuur wat tans op die kampus van die Technikon Pretoria bestaan, is iets wat baie dierbaar en kosbaar is vir al sy studente. Die Studenteraad, as verteenwoordigende liggaam van die studente massa, sal nie skroom om sy misnoë uit te spreek of om stappe te neem indien enige van bogenoemde in so 'n mate aangetas word, dat dit afbreek sal maak aan die bestaande aard, karakter en kultuur op die kampus nie. Hierdie is 'n sensitiewe saak wat baie versigtig genader moet word, indien enige veranderinge oorweeg word.

**DIE VOLGENDE VOORLEGGINGS WORD GEMAAK TEN OPSIGTE VAN DIE AARD, KARAKTER EN KULUUR AAN DIE TECHNIKON PRETORIA.**

**3.1 AARD.**

**Technikon Pretoria is 'n Tersiêre Inrigting of entrepreneursinstelling, wat streef na uitnemendheid op die gebied van loopbaanonderwys.**

Technikon Pretoria is 'n tersiêre inrigting wat daargestel is om in die behoeftes van die land te voorsien. Die primêre funksie van die Technikon is dus om hoëvlakmannekrag aan die breë gemeenskap van Suid-Afrika beskikbaar te stel. Die Studenteraad spreek homself ten sterkste uit teen die gebruik of misbruik, van die Technikon Pretoria, as 'n politieke instrument of speelbal, deur politieke partye wat daarop uit is om die aard van die Technikom te beskadig, en wat die Technikon slegs wil gebruik of misbruik vir eie gewin. Technikon Pretoria moet beskou word as 'n inrigting waar opleiding en studies die eerste prioriteit is.

3.2 KARAKTER.

Technikon Pretoria is 'n entrepreneursinstelling wat bekend is, en wat in die toekoms bekend wil staan, as 'n vriendelike maar tog gedissiplineerde kampus.

Die streng, maar nie onbillike, toepassing van reëls en regulasies dra by tot die skepping van 'n gedissiplineerde kampus, waarin studente hul studies vryelik en sonder enige teenkantig kan voortsit. Die opleiding wat verskaf word, word verskaf op 'n baie hoë vlak. Die studenteleiers, asook die studente self, funksioneer op 'n hoë- en uitnemende vlak.

3.3 KULTUUR.

Technikon Pretoria moet funksioneer en gebou word op 'n Westerse kultuur met 'n Afrikaanse taalbasis. Daar moet egter geleenthede bestaan en geskep word, vir die ontwikkeling van kultuur vir alle studente.

Technikon Pretoria moet deurspek wees met 'n kultuur wat entrepreneurskap in terme van onderwys, bestuur, studentelewe en gemeenskapsdiens daadwerklik ondersteun. Technikon Pretoria moet 'n lekker plek wees om te werk, 'n plek waar positiewe idees tel, 'n plek wat ook bekend is vir sy vriendelike atmosfeer en flinke, professionele diens, 'n plek wat nog omgee vir sy mense. Soos reeds genoem, moet daar egter geleenthede aan ander kulture op die kampus gegee word om te ontwikkel en hierdie kulture moet ook gerespekteer word.

Geen georganiseerde politieke aktiwiteite of aksies mag deur studente op die kampus aangebied word nie, mits dit aangebied word deur die Studenteraad of Technikon self. Ons, as die Studenteraad, wil nie die geleentheid bied aan politieke partye om die kampus te gebruik of

misbruik nie. Op die kampusgronde word daar gestudeer, van die kampusgronde af kan daar vryelik aan politieke bedrywighede deelgeneem word. Hierdie land van ons het mense nodig wat die ekonomie kan herstel, deur middel van hul kennis en kundigheid en nie deur middel van wegbly aksies of optogte nie.

**OPSOMMING.**

**Die kampuskarakter en kultuur moet behoue bly.**

**4. TOEKOMSTIGE STAATS- OF REGERINGSINMENGING.**

Ongeag wie of wat die toekomstige regering van Suid-Afrika sal wees, is dit belangrik dat die staat slegs die rol ten opsigte van Technikon Pretoria, sal vertolk van 'n toesighoudende liggaam en nie van 'n beleidsvormer nie.

**DIE VOLGENDE VOORLEGGING WORD GEMAAK TEN OPSIGTE VAN TOEKOMSTIGE STAATS- OF REGERINGSDEELNAME OF INMENGING, AAN TECHNIKON PRETORIA.**

**4.1. STAATSINMENGING.**

**Toekomstige inmenging of deelname, deur die Staat of Regering van die dag, op alle vlakke en in alle fasette van die Technikon, moet tot die minimum beperk word.**

Aangesien Technikon Pretoria 'n loopbaangerigte inrigting is, waarin studente opgelei word, is dit noodsaaklik dat die staat nie die hoof rolspeler by Technikon Pretoria word nie. Soos reeds genoem, moet die staat nie die Technikon gebruik as politieke instrument nie.

**4.2. STAAT- OF REGERINGSFINANSIERING.**

**Die Studenteraad steun die gedagte dat daar van die staat se kant af subsidie of finansiële ondersteuning aan die Technikon Pretoria en ander Tersiêre Inrigtings, gegee moet word ten einde hoë opleidings fasiliteite te verseker, en om vooruitspruitend hieruit, hoë kwalifiserende studente aan die gemeenskap te voorsien.**

Subsidie vanaf die staat se kant is 'n noodsaaklikheid, aangesien die Technikon Pretoria, en ander Tersiêre Inrigtings, nie instaat is om sy onkostes alleen te kan dra nie, en fondse van buite die Technikon en ander inrigtings is dus noodsaaklik. Aangesien Technikons in die toekoms 'n al hoe groter rol in die land se opvoeding gaan speel,

kan daar ook gekyk word na die oprigting van meer Technikons.

## 5. ONS VOORSTELLE.

5.1 Daar moet toegesien word dat hoë standaarde, van watter aard ookal, gedurig gehandhaaf sal word.

5.2 Dat die kampuskarakter en kultuur behoue sal bly.

5.3 Staatsinmenging, op alle vlakke en fasette van die Technikon, moet tot 'n minimum beperk word.

5.4 Die verlening van finansiële bystand aan die Technikons en ander Tersiêre Inrigtings.

5.5 Oprigtings van meer Technikons in die toekoms.

5.6 Die daarstelling van 'n raad, bestaande uit studente-afgevaardigers van alle Tersiêre Inrigtings, wat as 'n adviserende liggaam sal dien. Behalwe om die topstrukture van elke Tersiêre Inrigting te raadpleeg, kan dit ook oorweeg word om die studenteleiers self te betrek om advies in te win.

Die Studenteraad van Technikon Pretoria spreek sy vertroue uit dat bogenoemde voorleggings deur KODESA, ter harte geneem sal word en dat hierdie voorleggings oorweeg sal word in die daarstelling van nuwe Grondwetlike Beginsels, met die spesifieke verwysing na Nasionale Opvoeding by name Technikon Pretoria.

**OPSTELLER** : ____________________
**MNR. MARIUS BUITENDAG**
**TESOURIER / FINANSIES**
**STUDENTERAAD 1992**

**TOESIGHOUDENDE PERSOON** : ____________________
**MNR. MARIUS SCHEEPERS**
**VOORSITTER**
**STUDENTERAAD 1992**